# LAERSKOOL DANIE MALAN NASKOOLSENTRUM

# AANSOEK OM TOELATING

| | |
|---|---|
| **Familiekode** | |
| **Datum van aanvaarding** | |
| **1ste Betaling** | |

| **1STE KIND SE BESONDERHEDE** | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Volle naam en van: | | | | | | | | | | | |
| Noemnaam: | | Geboortedatum: | J | J | J | J | M | M D | D | | |
| Ouderdom: | | Aantal kinders in gesin: | | Posisie: | | | | | | | |
| **2DE KIND SE BESONDERHEDE** | | | | | | | | | | | |
| Volle naam en van: | | | | | | | | | | | |
| Noemnaam: | | Geboortedatum: | J | J | J | J | M | M | D | D | |
| Ouderdom: | | Aantal kinders in gesin: | | Posisie: | | | | | | | |
| **3DE KIND SE BESONDERHEDE** | | | | | | | | | | | |
| Volle naam en van: | | | | | | | | | | | |
| Noemnaam: | | Geboortedatum: | J | J | J | J | M | M | D | D | |
| Ouderdom: | | Aantal kinders in gesin: | | Posisie: | | | | | | | |
| **4DE KIND SE BESONDERHEDE** | | | | | | | | | | | |
| Volle naam en van: | | | | | | | | | | | |
| Noemnaam: | | Geboortedatum: | J | J | J | J | M | M | D | D | |
| Ouderdom: | | Aantal kinders in gesin: | | Posisie: | | | | | | | |

| **OUER(S) BESONDERHEDE** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Huwelikstatus van ouers: (merk met x) | Getroud | Geskei | Ongetroud | Wewenaar | Weduwee |
| Indien geskei dui aan by watter ouer primêre residensie setel: (merk met x) | | | | Vader | Moeder |

| **VADER** | | **MOEDER** | |
|---|---|---|---|
| Naam: | | Naam: | |
| Van: | | Van: | |
| Id nr: | | Id nr: | |
| Woonadres: | | Woonadres: | |
| | | | |
| | | | |
| Werkgewer: | | Werkgewer: | |
| Beroep: | | Beroep: | |
| Werksadres: | | Werksadres: | |
| | | | |
| | | | |
| E-pos adres: | | E-pos adres: | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Posadres: | | Kode: | |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Tel nommers: | Vader: | Sel: | | Moeder: | Sel: | |
| | | W | | | W | |
| | | H | | | H | |

| **MEDIESE BGESONDERHEDE** | | | |
|---|---|---|---|
| Naam van Huisdokter: | | | |
| Naam van Praktyk waar Huisdokter praktiseer: | | | |
| Adres van Praktyk waar Huisdokter praktiseer: | | | |
| Tel nr: | (1) | (2) | |
| Mediese fonds naam: | | | |
| Lid nommer: | | Kind se afhanklike kode: | |
| Hooflid se naam: | | | |

| **MEDIESE AGTERGROND** | |
|---|---|
| Meld enige vorige ernstige siektes: | |

| | |
|---|---|
| | |
| Allergieë, gestremdhede of spesiale dieet voorskrifte: | |
| Enige ander inligting wat die naskool moet weet: | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **PERSOON VERANTWOORDELIK VIR BETALING VAN DIE REKENING (merk met x)** | | | |
| | Vader: | Naam & van | ID nr |
| | Moeder: | Naam & van | ID nr |
| | Ander persoon: | Naam & van | ID nr |

| | |
|---|---|
| Verwantskap met kind: | |
| Woonadres: | |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Tel: | Sel: | | Werk: | | Huis: | |

| | |
|---|---|
| Werkgewer: | |
| Adres van werkgewer: | |
| Handtekening van rekeningpligtige: | |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **SMS – BOODSKAPPE (merk met X)** | | | | | | | | |
| Finansies: | Vader | | Tel nr: | | Moeder: | | Tel nr: | |
| Algemeen: | Vader | | Tel nr: | | Moeder | | Tel nr: | |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **NAASBESTAANDE BESONDERHEDE**<br>**(persoon wat gekontak mag word indien ouers nie bereik kan word nie)** | | | | | |
| Volle naam: | | Van: | | | |
| Verwantskap met ouers: | | Is die persoon bekend aan u kind(ers): | | JA | NEE |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **BESONDERHEDE VAN GEMAGTIGDE PERSONE WAT U KIND MAG AFHAAL** | | | |
| Naam en Van: | | Verwantskap: | |
| Naam en Van: | | Verwantskap: | |
| Naam en Van: | | Verwantskap: | |

## ONDERNEMING DEUR OUER OF VOOG WAT KIND INSKRYF BY NASKOOLSENTRUM

Ek, die ondergetekende, ______________________________________________________ verklaar dat ek hierdie aansoekvorm en die besonderhede op die aansoekvorm volledig voltooi het en dat die besonderhede daarin verskaf, waar en korrek is. Ek aanvaar hiermee die terme van die naskoolsentrumkontrak en neem kennis van die volgende:

### 1. VERSORGING DEUR NASKOOLSENTRUMPERSONEEL:

1.1 Die personeel van die Naskoolsentrum sal alle redelike voorsorg tref om moontlike beserings te voorkom, maar indien ‘n kind beseer raak op die perseel van die Naskoolsentrum sal die personeel gedurende tye van toesig nie aanspreeklik gehou kan word vir die besering van die kind nie.

1.2 Die personeel van die Naskoolsentrum sal medikasie aan my kind toedien in geval van nood of in geval van hoofpyn, besering, koors, insekbyte of enige ander toestand wat mediese sorg verg.

1.3 Ek verklaar dat my kind geen / wel allergies is soos hierbo vermeld.

1.4 Ligte beserings sal deur die personeel behandel word.

1.5 Indien ‘n ernstige besering opgedoen word sal die naskool my kontak en moet my kind onmiddellik afgehaal word;

1.6 Indien die naskool my nie kan bereik nie, sal my kind na ‘n mediese instansie vervoer word.

1.7 Ek sal verantwoordelik wees vir die betaling van hierdie rekening.

1.8 Ek sal nie die naskool of die personeel van die naskool verantwoordelik kan hou vir enige rekeninge of die betrokke besering wat my kind opgedoen het nie.

## 2. BETALING VAN NASKOOLGELD:

2.1 Naskoolgeld word jaarliks hersien met die beplanning van die begroting vir die nuwe akademiese jaar.

2.2 ‘n Aanvangsbedrag van R200.00 (TWEE HONDERD RAND) is betaalbaar voor of op die 7de (SEWENDE) dag van Januarie 2018.

2.3 Daarna is die naskoolgeld van R9 590.00 (NEGE DUISEND VYF HONDERD EN NEGENTIG RAND) (1x R890.00 en 10 x R870.00) vir die jaar eenmalig vooruit betaalbaar voor of op die 11de dag van Januarie 2018 ***OF*** in 1 (EEN) paaiment van R890.00 (AGT HONDERD EN NEGENTIG RAND) voor of op die 11de Januarie 2018 en daarna 10 (TIEN) paaiemente van R870.00 (AGT HONDERD EN SEWENTIG RAND) voor of op die 7de dag van elke maand.

2.4 Naskoolgeld is slegs betaalbaar per debietorder. Die debietordervorm moet saam met hierdie kontrak ingedien word.

2.5 Naskoolgeld is betaalbaar oor 11 (ELF) maande vanaf Januarie tot November.

2.6 Indien naskoolgeld nie op die **7de (SEWENDE)** dag van elke maand betaal is nie, sal my kind onmiddellik toegang tot die naskool geweier word.

2.7 Naskoolgeld is betaalbaar in die skool se rekening met die volgende besonderhede: **LAERSKOOL DANIE MALAN, ABSA BANK, TAK KODE: 509145, REK NR: 060260028, VERW: U FAMILIEKODE/NASKOOL.**

2.8 Ek onderneem om die gemelde naskoolgelde soos volg te betaal (merk as die gepaste blokkie hieronder):

**2.8.1** ‘n Aanvangsbedrag van **R200.00 (TWEE HONDERD RAND)** voor of op die **7de (SEWENDE) dag van Januarie 2018;**

2.8.2 Daarna ‘n eenmalige bedrag van **R9, 590.00 (NEGE DUISEND VYF HONDERD EN NEGENTIG RAND)** vir die jaar betaalbaar voor of op die **11de (ELFDE) dag van Januarie 2018**. ☐

**OF**

2.8.3 ‘n Aanvangsbedrag van **R200.00 (TWEE HONDERD RAND)** voor of op die **7de (SEWENDE) dag van Januarie 2018** en die eerste paaiement van **R890.00 (AGT HONDERD EN NEGENTIG RAND)** betaalbaar voor of op die **11de Januarie 2018** (betaalbaar per verpligte debietorder).

2.8.4 Daarna in **10 (TIEN)** x gelyke maandelikse paaiement van **R870.00 (AGT HONDERD EN SEWENTIG RAND)** betaalbaar voor of op die **7de dag** van elke maand. ☐

2.9 Die naskoolsentrum is geregtig om enige agterstallige naskoolgelde deur middel van ‘n regsproses van my te verhaal wat insluit enige koste daartoe aangegaan op ‘n prokureur en kliënt skaal, opsporingsgelde indien nodig en rente *“a tempora more”*.

2.10 Ek sal die Naskoolsentrum onmiddellik in kennis sal stel indien my huwelikstatus sou verander om te verseker dat die regte party steeds verantwoordelik gehou sal word vir die betaling van die naskoolgeld.

2.11 Enige kennisgewings wat deur die Naskoolsentrum aan my uitgegee kan of moet word, ten aansien van wanbetaling, kan gerig word na die adres hierbo gemeld en sal dien as my *domicilium citandi et executandi* adres vir doeleindes van betekening.

2.12 Om binne 14 (VEERTIEN) dae enige adresverandering van woon en of werksplek van myself skriftelik aan die Naskoolsentrum te rapporteer.

**2.13 Ek kan nie aansoek doen vir afslag of kwytskelding van enige naskoolgelde nie.**

**2.14 Ek kan nie aansoek doen om toelating tot die naskool indien ek skoolfonds vrystelling het nie.**

**2.15 My kind sal toegang tot die naskool geweier word indien my naskoolgelde nie voor die of op die 7de (SEWENDE) dag van elke maand betaal is nie.**

2.16 **My kind sal toegang tot die naskool geweier word indien my skoolgeld agterstallig is**.

2.17 My kind sal toegang tot die naskool geweier word indien my kind nie die reëls van die Naskoolsentrum nakom nie of ongehoorsaam is aan die toesighouers.

2.18 Ek as rekenpligtige is nie tans onder administrasie of skuldberading (debt counselling) nie of in 'n proses om daarvoor aansoek te doen of in die proses is om geplaas te word of reeds geplaas is nie.

2.19 Indien ek nie voor die **7de (SEWENDE)** van die maand kennis gegee het dat my kind nie meer die naskool sal bywoon nie, die kennis eers sal geld vir die daaropvolgende maand en dat ek steeds vir daardie maand aanspreeklik sal wees vir betaling van die naskoolgeld.

2.20 Daar bestaan geen finansiële of ander verskuilde belemmering waar ek nie my maandelikse verpligtinge sal kan nakom nie.

2.21 Toelating tot die naskool sal maandeliks geëvalueer word, onder andere op grond van die betaling van naskoolgelde en skoolgelde, maar is nie beperk daartoe nie.

2.22 Alle kennisgewings aan die naskool moet skriftelik voor die **7de (SEWENDE)** van elke maand per e-pos gerig word aan: naskool@daniemalan.co.za.

2.23 **1 (EEN**) Kalendermaand kennis moet gegee word indien my kind nie meer die naskool sal bywoon nie. So kennisgewing moet voor of op die 7de (SEWENDE) van die maand skriftelik aan die naskoolhoof deurgegee word.

## 3. HANTERING VAN PROBLEME:

3.1 Ek mag nie reg in eie hande neem om enige ongelukkigheid met 'n kind op die naskoolterrein uit te sorteer nie.

3.2 Geen skree en raas deur 'n ouer teenoor ander kinders sal geduld word nie.

3.3 Geen ouer het die reg om enige personeellid voor ander mense of kinders aan te vat oor enige probleme wat sou opduik nie, die probleem moet by die naskoolhoof aangemeld word en dan sal dit van daar verder geneem word.

3.4 Enige van die bogemelde optrede deur 'n ouer sal lei tot die onmiddellike uitsetting van 'n kind uit die Naskoolsentrum.

## 4. DISSIPLINE, HUISWERK EN ALGEMENE REëLS:

4.1 Ek onderneem dat my kind hom/haar aan die reëls van die naskool sal onderwerp en dit sal gehoorsaam.

4.2 Die dissipline beleid van Danie Malan naskool is in ooreenstemming met die van die skool en ondersteun die beheerliggaam die naskool ten volle.

4.3 Geen vuiltaal, vuilgrappies, ongehoorsaamheid of wangedrag sal geduld word nie. Indien 'n kind aan enige van die bogenoemde skuldig sou wees sal hy/sy aangemeld word aan die skool se dissipline stelsel.

4.4 Die naskool of die beheerliggaam se dissipline komitee of die bestuursraad kan teen enige leerder optree weens wangedrag of die nie-nakoming van die naskoolreëls.

4.5 Die Naskoolsentrum kan nie aanspreeklik gehou word vir enige verlies of skade aan my kind se besittings of persoonlike eiendom nie.

4.6 Ek onderneem om die skool te vergoed vir enige skade of verliese wat deur my kind se optrede aan skooleiendom of aan ander se eiendom aangerig mag word.

4.7 Indien 'n kind nie gehooor gee aan die reëls van die naskool nie, sal hy/sy toegang tot die naskool geweier word.

4.8 Ek beskik nie oor die bevoegdheid om van buite die naskoolsentrum aan my kind vrystelling/toestemming te verleen van enige van die naskoolsentrum se aktiwiteite, reëls en prosedures nie.

4.9 My kind is verplig om elke dag 'n huiswerksessie by te woon en getrou alle huiswerkopdragte uit te voer en saam te werk in die huiswerklas.

4.10 Alhoewel die Naskool personeel toesien dat huiswerk gedoen word, dit steeds my plig is om seker te maak dat my kind se huiswerk wel gedoen is en of dit korrek gedoen is.

4.11 Indien my kind jok oor huiswerk die Naskool personeel nie daarvoor verantwoordelik gehou kan word indien daardie huiswerk nie gedoen is nie.

4.12 Dit bly my kind se plig om huiswerk volledig in sy/haar dagboek aan te teken.

5. **PERSOONLIKE BESITTINGS:**

5.1 Alle persoonlike besittings moet duidelik gemerk wees.

5.2 Die naskoolpersoneel kan nie verantwoordelik gehou word vir u kind se persoonlike besittings nie.

6. **NASKOOL TYE & AFHAAL VAN KINDERS:**

6.1 Die naskool word bedryf gedurende skool kwartale vanaf 14h00 – 18h00, Maandae tot Vrydae.

6.2 Die naskool sal gedurende die skoolvakansie oop wees vanaf 07h00 – 18h00 Maandae tot Vrydae tensy anders deur die naskool besluit a.g.v. te min belangstelling.

6.3 Die naskool sal gesluit wees op publieke vakansiedae en skoolvakansiedae soos op die jaar kalender aangedui.

6.4 Die naskool sal in Desember sluit op die dag wat die skool amptelik sluit vir die Desember vakansie.

6.5 'n Boete van **R50.00 (VYFTIG RAND)** sal gehef word vir elke **5 (VYF)** minute wat 'n kind na **18h00** afgehaal word.

6.6 Indien 'n kind(ers) meer as 3 x laat afgehaal word sal die kind(ers) die naskool geweier word.

6.7 Kinders moet uitgeteken word in die uitteken register.

6.8 Geen kind sal na die hek gestuur word op versoek van 'n ouer nie. Ouers of gemagtigde persone kom haal kinders by die naskool personeel en teken die register.

7. Ek verstaan en besef dat indien hierdie aansoekvorm deur die naskoolsentrum aanvaar word nadat die nodige handtekeninge hieronder aangebring is, daar 'n wettige ooreenkoms tussen die partye ontstaan wat regsgeldig is en wat in 'n hof afgedwing kan word teen my as verweerder.

**GETEKEN** te **PRETORIA-NOORD** op hierdie _______ dag van ____________________ 20____.

| | |
|---|---|
| ______________________________ | ______________________________ |
| HANDTEKENING VAN VADER | HANDETEKENING VAN MOEDER |
| ______________________________ | ______________________________ |
| VOLLE NAAM EN VAN | VOLLE NAAM EN VAN |

# LAERSKOOL DANIE MALAN

## DEBIETORDEROPDRAG: NASKOOL 2018

**(Slegs 1 vorm per gesin)**

**REKENINGHOUER**:

1. Volle naam en van: ______________________________
2. Adres: ______________________________
3. Pa (Sel) ______________ Ma (Sel) ______________ e-Pos ______________
4. Al die ingeskrewe kinders in Laerskool Danie Malan:

| | VOLLE NAAM EN VAN | GRAAD/KLAS | FAMILIE NO. |
|---|---|---|---|
| a. | | | |
| b. | | | |
| c. | | | |
| d. | | | |

**DIE BESONDERHEDE VAN MY BANK IS SOOS VOLG:**

1. Bank: ______________________________
2. Taknaam: ______________________________
3. Taknommer: ______________________________
4. Rekeningnommer: ______________________________
5. Tipe rekening: *Dui aan met **x** in die toepaslike blokkie

**TJEK** ☐ **SPAAR** ☐ **TRANSMISSIE** ☐

Ek versoek hiermee en magtig u om my rekening by bogenoemde bank, vanaf 1 Januarie te debiteur met die bedrag van:

| | Bedrag | Eenmalig | 10 Maande |
|---|---|---|---|
| **Naskool (registrasiefooi)** | R200.00 | X | |
| **Naskool (Januarie)** | R890.00 | X | |
| **Naskool (Feb – Nov)** | R870.00 | | X |

**Voorwaardes**

1. Indien die betaling van 'n debietorder vir een maand deur die bank geweier word, sal die bedrag tesame met die bankkoste vir die weiering van die debietorder onmidellik betaalbaar wees in die skool se rekening met besonderhede soos in die kontrak. Indien my naskoolgeld nie betaal word nie, sal my kind toegang tot die naskool geweier word tot tyd en wyl betaling gemaak word.

2. Indien 'n debietorder 'n tweede keer geweier word, word dit nie weer aangebied vir betaling nie en word u aanspreeklik gehoue vir volle skoolgeld en kostes daaraan verbonde.

3. Hierdie magtiging kan nie deur my gekanselleer word nie en moet ek 1(EEN) maand kennis gee dat my kind nie meer die naskool sal bywoon nie. Alle kostes tot en met hierdie datum moet ten vollle betaal word.

4. Ek erken dat die party wat hiermee gemagtig is om die trekking(s) teenoor my rekening te behartig, geen van hulle regte aan 'n derde party mag afstaan of sedeer sonder my skriftelike toestemming nie en dat ek geen van my verpligtinge ingevolge hierdie kontrak aan 'n derde party mag delegeer sonder die skriftelike toestemming van die gemagtigde part nie.

**GEDATEER** en **GETEKEN** te **PRETORIA NOORD** op hierdie ________ dag van ______________________ 20 ______.

______________________________

**HANDTEKENING VAN REKENINGHOUER**